VOLHARD EN OORWIN

HOËRSKOOL STRAND

**WAAR JONG ARENDE SWEEF!**

# ARENDNUUS 2 - FEBRUARIE 2022

## AKADEMIESE PRYSUITDELING - me. M. du Toit

Hoërskool Strand kon op 9 Februarie vir die eerste keer in twee jaar weer 'n tradisionele prysuitdeling hou waar onderwysers, ouers en leerders die akademiese prestasies van die jaar kon vier en ons top presteerders die nodige erkenning kon kry vir hulle harde werk.

'n Spesiale woord van dank aan ons borge wat ons leerders steeds met kontantpryse en geskenkbewyse bederf.

* Die Walter Laurie-Trust bewillig jaarliks 'n groot kontantbedrag wat verdeel word onder die drie top presteerders in elke graad asook die beste presteerders in Wiskunde en Rekeningkunde.

* Die top drie leerders stap ook elkeen weg met 'n geskenkbewys van De Jagers Uitrusters.

* Carla Haughton (gr. 11) en Nika van Vuuren (gr. 12) het elkeen 'n jaar se lidmaatskap van "*You can do Science*" vir hul prestasies in Fisiese Wetenskappe, ontvang.



Top drie in gr. 11 - 2021: Nika van Vuuren (92%), Michelle Pretorius (90,6%)en Kira Potgieter (90,3%).



Top drie in gr. 10 - 2021: Carla Punt (95%), JD le Roux (92,3%)en Carla Haughton (91,4%).



Top drie in gr. 9 - 2021:  Natan Nel (92,8%), Leoné Smith (91,6%) en Donné Oosthuizen (90%).



Top drie in gr. 8- 2021: Emily Landman (94,9%), Kristin Theart (92,3%) en Nadine Pretorius (92%).



## Sekerheidsreël 55:

# JY HOEF NIE ’N FINANSIËLE KENNER TE WEES NIE. JY MOET NET EEN AS VENNOOT HÊ.

Dis nie altyd maklik om jou eie finansiële besluite te neem nie. Met ’n Sanlam finansiële beplanner is jy by iemand wat dieselfde dinge as jy wil hê. Ons geakkrediteerde adviseurs kan jou deskundige advies gee en jou help om ’n finansiële plan op te stel wat jou kan help om jou doelwitte te bereik, sodat jy met sekerheid kan lewe in die wete dat jy op koers is na ’n beter finansiële toekoms.

Ons kan jou behulpsaam wees met:

- **Finansiële beplanning**
- **Aftrede**
- **Lewensversekering**
- **Korttermynversekering**
- **Beleggingsbeplanning**
- **Testamente en trusts**

Skakel ons by **FinPrufe Wealth BlouSter** sodat ons kan gesels oor hoe ek jou kan help om finansiële sekerheid te verkry.



**Theunis Steyn**
Direkteur
021 880 6610



**George de Kock**
Direkteur
021 880 6609



**André Wethmar**
Finansiële Beplanner
083 766 6822



**Alto de Kock**
Finansiële Beplanner
082 215 6673



**Johan Krause**
Finansiële Beplanner
082 452 7036



**Christoff Steyn**
Finansiële Beplanner
072 658 1906



**André de Swardt**
Finansiële Beplanner
084 263 8266



**Hendrik Swart**
Korttermyn-versekering
082 463 4168



**Henriëtte Marais**
Korttermyn-versekering
071 388 9591

Sanlam is ’n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

Sanlam
Lewe met sekerheid



# MATRIEKDAG - me. E. Verster

Na 5 jaar se geduldige wag het die Matriekdag uiteindelik op 5 Februarie vir die matrieks van 2022 aangebreek. Die graad 12's kon nie wag om hul skooluniforms vir kostuums te verruil nie. Nog nooit tevore was Jim Carrey, die Vikings, Tinkerbell en Hercules saam in een skool nie. Voorwaar 'n dag om te onthou!



















Complete
Office.co.za
SOLUTIONS
lenovo
IdeaPad 3 i5
R10 999
LIMITED STOCK
SAVE
R4 000
i5 1135G7 | 15.6"FHD | 4GB
Intel Iris Xe | 512GB NVME SSD Performance Hard Drive
Windows 11


MSCT BEE SERVICES
Making Significant Changes Together
MSCT BEE Services is 100%
Black Women Owned as well
as a Level 1 B-BBEE contributor.
Our services include:
Accredited B-BBEE Verifications
B-BBEE Training and Awareness
Ownership Verification Services
Contact us for an obligation free quote today!
www.msctbee.com
email: bbbee@msctbee.co.za
T +27 (0)21 852 5646
F +27 (0)86 600 4965

## TI AMO SPREI WEER SY OMGEEVLERKE - me. S. van Rensburg

Ti amo se motto vir 2022: “Rise above it”

Die afgelope twee jaar is Ti amo se aktiwiteite redelik aan bande gelê. Ons vertrou dat hierdie 'n nuwe jaar vol splinternuwe geleenthede sal wees en dat ons ons motto gestand sal doen.

Ons het reeds ons eerste Civvie-dag agter die rug en kon ons fondse vir 2022 so 'n klein hupstootjie gee. Dankie ook aan u as ouer wat ons deur u getroue bydraes ondersteun.

Valyntynsdag was 'n groot sukses. Op 14 Februarie is omgee vir ander nie net met lippetaal gevier nie, maar met klein geskenkverrassings vir vriende en geliefdes. Ons het 950 geskenke afgelewer! Verskeie gesigte (agter maskers) is opgehelder met rose, sjokolades of hartjiestokkielekkers.


Ons het ook vir die eerste keer 'n Valentynsbeertjie uitgeloot. Baie geluk aan Martin Theron wat die eerste prys gewen het en Mischke Prinsloo wat die tweede prys ingepalm het.

Kom raak betrokke by Ti amo en wys jy gee om!










## VALENTYNSPIEKNIEK - me. E. Verster

Covid-regulasies het gemaak dat die Arendraad se Sosiale Komitee redelik buite die boks idees moes kry vir sosiale geleenthede.


Ongelukkig kon die Valentynsdans nie plaasvind nie, daarom het ons op 14 Februarie 'n Valentynspiekniek op die A-rugbyveld gereël. Ons is met 'n pragtige volmaan beloon en nie eers die lastige Suidoos kon die liefde se vlam blus nie. Sommige Valentyne het ook gewys as die voete jeuk, dan is selfs die gras 'n perfekte dansbaan!













CONSULTRIGHT
MANAGEMENT
SERVICES
Let us help you to create sustainable transactions which transcend B-BBEE compliance
OUR SERVICES INCLUDE:
B-BBEE Consulting & Advisory
Ownership Transactions
Training & Workshops
+27 (0)21 913 6284
info@consultr.co.za
newconsultr.co.za
Contact us for an obligation free quote today!


10
JAAR
Wil jy in 2023 studeer?
STUDIEAANSOEKE OPEN 4 APRIL
Kontak jou studentewerwer in die Wes-Kaap
HENDRINA BASSON
hendrina@akademia.ac.za | 0861 222 888

# ROESELARESPAN KRY UITEINDELIK OOK VLERKE

- me. L. Wolff

Dit is reeds die twintigste jaar wat Hoërskool Strand deel is van hierdie kulturele uitreik met die Burgerschool in Roeselare, België. Dit bied elke jaar vir 12 graad 10-leerders die geleentheid om hulle horisonne te verbreed en om vriendskappe oor kontinente te smee.

Die laaste twee jaar kon die twee groepe leerders wat in 2020 en 2021 gekies is om op hierdie kulturele uitruilprojek tussen die twee skole te gaan, as gevolg van die Covid-19-pandemie, nie hierdie droom verwesenlik nie. Hulle het egter nooit moed verloor nie en bly glo en hoop dat hulle wel op die uitruilprojek na Burgerschool in Roeselare, België kan gaan.

Op 17 Januarie 2022 het hulle die groen lig gekry dat die grense oopgemaak het en dat die laaste twee jaar se groepe wel van 17 Maart tot 4 April na België kan vertrek.  Een van die vereistes was dat hulle hul twee inentings moes kry.  Niks kon hierdie ywerige leerders keer nie. Ongeveer almal is toe reeds ten volle ingeënt.

Die twee onderwysers wat hulle sal vergesel, is mev. Lynette Wolff en mev. Juliana Louw. Die groep skop hul oorsese reis met twee weke in België af, waar die Belge hulle met 'n ongelooflike program inwag. Hulle gaan Antwerpen, Brussels, Brugge, Ghent, Ieper, Leuven en nog baie ander besienswaardighede in België besoek. Hulle is ook gelukkig om drie dae in Parys deur te bring, waar hulle die stad en Euro-Disney gaan verken. Die groep gaan ook 'n skool besoek en 'n stukkie van Suid-Afrika met hulle deel.

Wat die program so uniek maak, is dat die leerders in die Belge se huise tuisgaan en daar leef, eet en ervaar wat Belge as alledaags beskou.

Ons sien uit na 'n opwindende reis en om nuwe vriende te maak.





VOOR: me. Lynette Wolff, Louie Smit, Moninké Heyns, Clint Williams, Rosa Louw, Anne Swart, Amelia Lewies, Ilené Fourie, Martina Fouché, Nina Esterhuysen, Karla van Jaarsveld, Caro Louw, Mea Robertse, Atala van Coller en me. Juliana Louw

AGTER: mnr. Herman Wolff, Rikus Heyns,Eben Botes, Brendon van Rooyen, Megan Strickland, Christian de Jager, Zack Barnard, JD le Roux, Nika Westenraad, Aneldi Morkel, Marlé Hubinger en mnr. Jos Louw


Wiskunde en Fisiese Wetenskappe Ekstra Lesse
MAAK STAAT OP ONS ERVARING
Ons help Suid-Afrikaanse leerders vir die afgelope 45 jaar deur uitdagende tye.
Kontak ons vir meer inligting:
Strand
071 365 0668
master maths
Lesse | Tutors | Ondersteuning
www.mastermaths.co.za


Ejays Enterprises
Affie Plaas Boerseep
• Boerseep / Poeier / Gel
• Charcoal seep
• Acne Cream
• Tallow Balm
• Lip Balm
CALL US TODAY!
• 30x Large Eggs @ R55 per tray
Sparkle Cleaning Detergents
• Bathroom, Laundry,
• Kitchen, Toilet & Car.
Call for more info.
Elaine 0835605772
Jasmin 0769055476


HIRSCH'S 50TH
GOLDEN ANNIVERSARY
SALE
LG OLED
NEW 2021
Allan & Richard Hirsch Shopkeepers
HIRSCH'S WE WILL SAVE YOU MONEY
HIRSCH'S SOMERSET WEST
7 Dynagel Road, Firgrove Rural · 021-001 1066
Shopping hours: Monday - Friday: 8:30am - 17:30pm
Saturday: 8:30am - 16:00pm · Sunday: 9:00am - 16:00pm
Hirschs.Homestore
060 688 4840
Hirschs_Homestores
0861 HIRSCH (447724)


paperjet PRINT
DIGITAL PRINTING SPECIALISTS
Messages can be any colour and the option be die-cut into any shape imaginable.
Signage • Marketing • Stickers • Labels • Licence disks
Floor Adhesive Vinyl • Window Display & Sandblast Vinyl
Your Logo
FOLLOW US
VISIT OUR WEBSITE
www.paperjetprint.co.za

# SOMERINTERSKOLE 2022

- mnr. W. Maré

Die jaarlikse Somerinterskole het vanjaar by Hoërskool Parel Vallei plaasgevind.

As 'n pandemie in die wêreld toeslaan, staan mense saam en veg vir oorlewing! Vrydag, 18 Februarie 2022, was dit nie net ons eerste interskole atletiekbyeenkoms na twee jaar se COVID-pandemie nie, dit was 'n behoorlike viering van ons leerders se volgehoue deursettingsvermoë. Die tema vir vanjaar was ook uiters gepas: SURVIVORS! Hoërskool Strand, Parel Vallei en Hottentots-Holland het die atletiekdag met 'n gesamentlike optog geopen nadat daar besluit is om hierdie jaar hande te vat en die geesbeker te deel. (Die geesbeker is gedurende die eerste twee weke van die nuwe skooljaar telkens seremonieel aan elkeen van die drie skole oorhandig.) Amper 200 leerders van die drie skole het aan die skouspel deelgeneem. Die hoofleiers het hoendervleismooi toesprake gelewer. 'n Gewyde oomblik van stilte is aan dierbares wat hul lewens tydens die pandemie verloor het, afgestaan. Die optog is in die daaropvolgende week weer by al drie skole voor al die leerders opgevoer.

Hoërskool Strand se 210 atlete het nie teruggestaan vir die kompetisie op die baan en veld nie. Elkeen het sy beste by elke item gelewer. Ons is voorwaar trots op elkeen wat deelgeneem het, selfs atlete wat bereid was om aan items deel te neem wat nie hulle spesialiteit is nie! Baie dankie aan elke atleet wat punte vir ons skool ingeoes het.

Die volgende atlete het uitsonderlik presteer en trofees ontvang:

| | |
|---|---|
| Beste atleet volgens die ASA-tabel: | Christopher Smit (hamergooi) |
| Beste hamergooi-atleet: | Christopher Smit |
| Beste diskus-atleet: | Christopher Smit |
| Beste spiesgooi-atleet: | Caitlyn Wyngaard |
| Beste hekkies-atleet: | Jordan Wynn-Vaaltyn |
| Beste o.17 seunspan: | Hoërskool Strand |





Nuwe rekords is ook opgestel:

| | |
|---|---|
| Christopher Smit: | seuns o.19 Hamergooi 60.44m (50.81m) |
| Clinton Brits: | seuns o.15 1500 m 4:27:30 (4:34:30) |



'n Groot woord van dank aan Dischem Somerset Mall, die hoofborg van die dag, asook Roland Toyota wat die optog ondersteun het.














# TROTS OP ONS DRIE BOLANDATLETE


- mev. A. Louw

Drie van Hoërskool Strand se Bolandatlete het die aan die Wes-Kaap Atletiekkampioenskap deelgeneem.

Christopher Smit het aan die Seuns o.19-hamergooi deelgeneem en 'n eerste plek met 'n uitstekende afstand van 61,04 m behaal.

Jordan Wynne-Vaaltyn het aan die Seuns o.17 110 m-hekkies deelgeneem en in die finale ronde 'n vyfde plek behaal.

Clinton Brits het aan die 1500 m- en 800 m-wedlope deelgeneem. Hy behaal 'n 5de plek in die 1500 m met 'n tyd van 5m29.63s en in die 800 m behaal hy 'n skitterende tweede plek met 'n tyd van 2m02.56s.







# MARTIN THERON GEKIES VIR SA-SWEMKAMPIOENSKAP (VLAK 3)

- me. A. Louw



Martin Theron (in matriek) se naam is al sinoniem met goeie swemprestasies. Hy het vanjaar weer gekwalifiseer om aan die Suid-Afrikaanse Vlak 3 Swemkampioenskap deel te neem. Dit vind vanjaar vanaf 17-20 Maart in George plaas.

Kompeterende swem verg ongelooflik baie selfdissipline, daarom is Hoërskool Strand besonder trots op Martin, wat ten spyte van sy aktiewe betrokkenheid by skoolaktiwiteite, ook nog so goed doen in hierdie sport. Ons beste wense vergesel hom.

# MUURBALSPELER BEÏNDRUK MET PUIK VERTONINGS

- me. H. Terblanche



Elana Hay, kaptein van die o.19A-dogterspan, het uitmuntende spel tydens die eerste ronde van die Bolandproewe gelewer deur al haar wedstryde teen gedugte WP-opponente te wen.

Tydens die Bloemfontein Ope Kampioenskap het Elana, ondanks min slaap en 'n lang en vermoeiende busrit, haar goed van haar taak gekwyt. Sy het drie van haar ses wedstryde gewen en uiteindelik die ses-en-twintigste posisie uit 'n totaal van die land se 52 beste o.19- dogterspelers behaal. Baie geluk, Elana! Hoërskool Strand is trots op jou!

# TOUTREKKERS WYS KEER OP KEER HUL STAAL

- mnr. R. Nowers

Die Paarl-toutrekkompetisie was vanjaar die grootste kompetisie tot dusver. Al die WP en Wynlandklubs/skole het aan hierdie kompetisie deelgeneem. 143 spanne het ondanks die Paarlse hitte teen mekaar meegeding.

Die positiewe groei in Hoërskool Strand se toutrekgetalle het beteken dat heelwat nuwelinge vir die eerste keer aan 'n daglange toutrekkompetisie deelgeneem het en agtergekom het waarom hierdie sportsoort as een van die mees uitmergelende sportsoorte gereken word. Sommer gou het die nuwe toetreders agtergekom waarom daar so hard geoefen moet word ten einde kompeterend te kan meeding. Van die nuwelinge het reeds twee kompetisies agter die rug gehad en gewys watter potensiaal in hulle steek met kragtige touwerk en klipharde vasbyt en determinasie. Daar word beslis nog baie van hulle verwag!

Die twaalf Hoërskool Strand spanne het in alle gewigsafdelings gekompeteer met drie van die spanne wat deurgedring het na die semifinale en finale rondes. Die 480 kg-damesspan het 'n welverdiende 4e plek losgeslaan en hul opwaartse kurwe gehandhaaf. Weer het die 600 kg-seunspan wat by verre die ligste span in daardie gewigsafdeling was, soos "ysters" getrek en 'n skitterende 3e plek behaal.

Die span van die dag was beslis die 560 kg-seuns wat in hierdie internasionale gewigsafdeling 'n uitstekende tweede plek behaal het. Hul kragtige afslane, rustigheid aan die tou en vasberadenheid was iets om te aanskou en 'n voorbeeld vir die jonger Arendtoutrekkers.

Tydens die Robertson-toutrekkompetisie het die toutrekkers weer deeglik rekenskap van hulself gegee met 'n paar uitstekende spanvertonings.

Dit was veral die dogters wat hul opwaartse kurwe gehandhaaf het deurdat die 480 kg-dogterspan 'n welverdiende derde plek behaal het. Netso het die Arende se gemengde 520 kg-span ook 'n uitstekende derde plek behaal.

Die dag is op 'n positiewe noot afgeskop toe die Toutrekbestuur erkenning gegee het aan die trekkers wat Hoërskool Strand by meer as 30 kompetisies verteenwoordig het. Baie geluk aan Melizza van der Merwe en Zack Barnard wat nou by die spesiale "*Legend 30*"-klub aangesluit het. Dan is daar ook aan Schalk van der Merwe, Durand van Deventer, Nina Esterhuizen en Brendon van Rooyen erkenning gegee omdat hulle Hoërskool Strand by nie minder nie as 40 kompetisies verteenwoordig het.

Die WP/Wynlandkompetisie is met trots deur Hoërskool Strand en sy laerskool eweknie, die Helderbergklub, aangebied. 104 spanne het in warm en winderige toestande hul staal gewys. Hoërskool Strand se 480 kg-dogterspan het die WP-spanne gedomineer deur die algehele derde plek op plaaslike bodem in te palm. Onder aanvoering en afrigting van Zounica van der Merwe het hulle daarin geslaag om in 'n taai 3-trek hul grootste WP-opponente, die Westcliff-dogterspan, te verslaan.

Nog 'n span wat die oog gevang het, is Rico Theart se 560 kg B-span wat meestal uit beginnertrekkers bestaan het. Hierdie begeesterde span het gewys dat hulle in die toekoms dopgehou moet word!

Sekerlik die mees konstante span is die 520 kg-gemengde span (4 seuns en 4 meisies) onder aanvoering van Schalk van der Merwe, wat ook soos verlede week hulself in 'n medaljeposisie getrek het. Die feit dat twee ervare lede nie beskikbaar was nie, het hulle nie afgeskrik nie en hulle was weer die beste WP-span in hul gewigsgroep op die dag.

Tydens die WP/Wynland Junior Toutrekkampioenskap, het Hoërskool Strand se toutrekkers uitstekend presteer! Met 164 spanne en meer as 700 toutrekkers wat deelgeneem het, is 4 spanne as WP-kampioene aangewys is.

Maklik was dit beslis nie en te midde van naelbytoomblikke en emosies wat hoog geloop het, is ondersteuners getrakteer met van die beste en taaiste toutrekaksie van die seisoen. Vanuit 'n Arend-oogpunt was die verrassing van die dag die twee ligter spanne (440 kg en 480 kg) wat almal verras het deur as WP-kampioene weggestap het.

Die onoorwonne 520 kg-gemengde span van Strand moes ontsettend hard werk en diep delf om in skoon trekke die WP-titel van die gedugte Jan Krielspan weg te raap. Daarna met die laaste twee gewigsgroepe van die dag het 560 kg-seunspan ook Hoërskool Strand se vierde WP-titel van die dag verower met die meisies se 480 kg-span wat 'n baie goeie algehele vierde plek behaal het, maar net-net nie daarin kon slaag om ook as WP-kampioene gekroon te word nie.

Nog 'n verblydende faktor was die uitstekende wyse waarop Hoërskool Strand se Plaatspanne gevaar het met die 560 kg- en 600 kg-spanne wat onderskeidelik silwer en goue toekkennings ontvang het. Netso het die ontwikkelingsarm van Hoërskool Strand se "kaalvoete" (laerskooltoutrekkers) uitstekend presteer deur ook drie brons medaljes in te palm.

# TOUTREKKERS WYS KEER OP KEER HUL STAAL

- mnr. R. Nowers



















# TENNISNUUS

- me. L. Opperman

## BREDASDORP-TENNISTOERNOOI

Vanjaar het 10 tennisspelers (5 seuns en 5 dogters) ons skool tydens die Bredasdorp-Tennistoernooi verteenwoordig. Hierdie jaarlikse instelling is 'n groot gunsteling onder ons tennisspelers. Die koshuisverblyf, koshuisontbyt, aandetes by die plaaslike Spur-restaurant en Mozartz asook al die strawwe wedstryde was maar 'n paar van die hoogtepunte.

Ses skole het aan vanjaar se toernooi deelgeneem. Hoërskool Strand het 'n algehele derde plek behaal. Die volgende spelers is vereer vir hul goeie spel:

| | |
|---|---|
| Die beste seuns dubbelspaar: | Izak Burger en Paul Roos |
| Die beste gemengde dubbelspaar: | Bernard van Staden en Benneline Kruger |
| Die beste dogters dubbelspaar: | Emily Landman (met wisselende spelers) |

Die dag na ons terugkeer het Izak Burger vir die Cape Town Tennispan (voorheen WP) se o.15A-span teen die Kavaliers gespeel. Hoërskool Strand is trots op hierdie jong speler.



Izak Burger



Voor: Izak Burger, Benneline Kruger, Emily Landman, Sumari Walser en Michelle Pretoruis.

Agter: Bernard van Staden, Paul Roos, Christiaan de Jager, Alexander Smit en Aneldi Morkel

## INTERSKOLE TEEN PAREL VALLEI

Tydens die interskole teen Paarl Vallei moes beide o.19-spanne die knie voor Paarl Vallei buig. Die o.15-dogters het met 'n verbete poging nie daarin geslaag om die opponente af te weer nie. Die o.15-seuns het 'n gelykoptelling afgedwing, maar ongelukkig met die getal potte verloor.

Ons groet vanjaar ook ons drie getroue gr. 12-spelers: Aneldi Morkel, Michelle Pretorius en Alexander Smit.

Laaste, maar nie die minste nie, dankie aan elke speler en ook aan ons afrigters, mnr. C. Morkel en mev. A. Morkel.

Tennisgroete tot Septembermaand.



# GEESWEEK

'n Ou gunsteling wat weer vanjaar sy verskyning gemaak het, is die gebruiklike Geesweek in aanloop tot die Interskole. Vanjaar het leerders die geleentheid gekry om hul kreatiewe vaardighede behoorlik in te span. Elke dag het sy eie tema gehad. Interessante hooftooisels en kleurvolle sokkies het uiteindelik tot die hoogtepunt van die week gelei: "*Anything but a schoolbag*." Volgende keer maak ons weer so!

